Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

’n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

September 2019

Is die Calvinisme se dae getel?

Dordt in kort

www.gksa.org.za

Inhoud

September 2019

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 121, NO. 3337 - Augustus 2019

1 VAN DIE REDAKTEUR
Is die Calvinisme se dae getel? (2)

4 UIT DIE WOORD
Ek verlang na God se blywende gemeenskap!

6 REDAKSIONEEL
Wat is Pentekostalisme? (3)

8 BRANDPUNT
Ou of nuwe dinge?

FOKUS
10 Geskiedenis van die Hammanskraalse Teologiese Skool (1)
12 God se Name (3)
16 Sinode van Dordrecht 1618/19 – Indrukke van die herdenking van vier eeue

18 Gepas en ordelik (1)
20 Dordt in kort

SKRIFSTUDIE
24 God alleen red; nét Hy en op nét een manier (2)

27 Lief en Leed
28 Kerklike administrasie
30 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2019 – 30 Junie 2020):
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R301
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R434
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R407
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R126

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

"Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser."
– Psalm 19:15

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Is die Calvinisme se dae getel? (2)

In die vorige artikel (*Die Kerkblad* Augustus 2019) is kortliks gestel wat ons onder Calvinisme as Teologie en as Lewens- en wêreldbeskouing verstaan. Verder is aandag gegee aan die toenemende kritiek, dikwels ook vanuit "Reformatoriese" geledere, teen die Calvinisme.

Op die terrein van die Teologie en wat die kerklik-godsdienstige terrein betref, is enkele dwalinge aangedui wat die "voortbestaan" van die Calvinisme bedreig. Hieronder val Skrifkritiese standpunte oor sentrale leerstukke soos die gesag van die Skrif, die liggaamlike opstanding van Christus, die uitverkiesingsleer, leer oor die kerk ensovoorts, asook dwalinge soos die Arminianisme. Ten slotte is gewys op die tydsgees van verdraagsaamheid en humanisme.

In hierdie artikel val die klem op die relevansie en roeping van die Calvinisme in hierdie tyd.

Relevansie

En dan moet daar by ons geen twyfel wees nie dat die Calvinisme juis vandag meer relevant is as ooit. Ek meen dit was die Nederlandse teoloog Berkouwer wat van Calvyn se teologie gesê het 'n Skrifgebonde teologie verduur die eeue. Omdat God se Woord onfeilbaar is, nie tydgebonde nie, en die enigste waarheid in die volle sin van die woord, kan ook die teologie wat op hierdie Woord gebou is, nooit verouder of irrelevant word nie.

Die Calvinisme "as die mees harmonieuse en konsekwente Christendom word deur die openbaring van God, waaruit dit opkom, uitgelig bo die tye" (DJ Vorster). Die Calvinisme is volgens Greijdanus die Christelike geloof en die Christelike godsdiens in sy suiwerste en beste vorm. Die Calvinisme is daarom nie maar net nog 'n ideologie of filosofie of een van baie lewensbeskouings nie. Dit is in wese 'n godsdiens en dan meer bepaald die suiwer Gereformeerde godsdiens.

In hierdie opsig is daar tussen die Calvinisme en die ander lewens- en wêreldbeskouings 'n fundamentele verskil. Die Calvinisme is nie 'n tydsproduk wat met ander ideologieë en stelsels opkom en weer verdwyn wanneer dit sy tyd gehad het nie. Inteendeel, hierdie teologie gaan voort om steeds nuwe skatte uit die ontsaglike rykdom van God se Woord te ontgin, in biddende afhanklikheid van die Heilige Gees. En hierdie ewige waarhede van God se Woord vind konkreet gestalte in 'n lewens- en wêreldbeskouing wat die gesag en beginsels van God se Woord uitleef en uitdra op elke terrein van die lewe.

Woord en Gees

Hierbo is reeds verwys na die werk van die Heilige Gees. Dit is juis die Calvinisme wat die onlosmaaklike eenheid van Woord en Gees leer en handhaaf. Die Gees werk nooit los van die Woord nie, 'n dwaling wat onder andere deur die Pentekostalisme en ander Charismatiese groepe geleer word.

Calvyn skryf aangrypend oor die werk van die Heilige Gees. Daarom staan hy ook bekend as die teoloog van die Heilige Gees. Hoe kan 'n teologie wat die grootste erns maak met die Heilige Gees ooit verstar in 'n dor en uitgediende dogma?

Die skat van ons belydenis

Dit bring ons by die plek en betekenis van ons Gereformeerde

belydenisskrifte, wat ook toenemend verwaarloos of aan kritiek onderwerp word, maar te midde van alles steeds die eeue verduur. Die belydenisskrifte is die lewende geloofstaal (waar die hart van vol is, loop die mond van oor) waarin die kerk, onder leiding van die Heilige Gees, die kernwaarhede van God se Woord saamvat. *"Ons glo met die hart en bely met die mond ..."* (NGB Art. 1; vgl. ook Rom. 10:9, 10).

Wie hierdie skat van ons belydenis steeds weer sy/haar eie maak, het antwoorde op die diepste lewensvrae. Hy/sy dobber nie rond en word nie "rondgewaai … deur elke wind van lering, deur mense se slinksheid en die gekonkel waardeur" dwaling beplan word nie (Ef. 4:14, Nuwe Direkte Vertaling). Inteendeel. Hulle lewe word gekenmerk deur geloofsekerheid en rustige koersvastheid midde-in die stormagtige lewenssee.

Roeping

Ten slotte enkele gedagtes oor die roeping van die Calvinisme. Vanweë die beperkte ruimte volstaan ons met enkele terreine.

As Calviniste moet ons in die eerste plek die tye verstaan en die geeste beproef. Dit is ons roeping om tydgerig (let wel, nie tydgebonde nie) die onvervalste waarheid van die Woord te handhaaf en te proklameer.

Wat die *teologie* betref, beteken dit dat die Gereformeerde teologie steeds verder uitgebou en beskikbaar gestel word, in Afrika en die res van die wêreld. Ons moet in beskeidenheid en dankbaarheid vir die ryke erfenis wat ons ontvang het, die oortuiging handhaaf en uitleef dat daar geen alternatief is vir die suiwer Gereformeerde teologie en godsdiens nie. Terselfdertyd moet die veelheid van dwalinge apologeties ontmasker en weerlê word. In hierdie opsig het die Teologiese Skool van die GKSA en die Fakulteit Teologie van die NWU 'n geweldige verantwoordelikheid en heerlike roeping.

Op *kerklik-godsdienstige terrein* moet ons die skat van ons belydenis koester en opnuut ons eie maak, die rykdom van ons Gereformeerde liturgie waardeer en van harte implementeer, ons verbondsjeug leer om hulle doop te verstaan en uit die sekerheid daarvan te leef. Ons moet hulle in die liefde van Christus onderrig in die kennis van die Bybel en die gesonde leer, en hulle só toerus en begelei tot die volwassenheid van die geloof. So sal hulle weerbaar wees teen die aanslae van die dwaling en die tydsgees en ook hulle heerlike roeping in die Koninkryk kan vervul.

Wat die *samelewing in sy geheel* betref, mag die Calvinisme nooit slegs 'n toeskouer wees nie. Dan verloën ons ons aard en versaak ons ons roeping, dit waartoe ons juis deur die suiwer teologie en prediking toegerus word. Die Calvinisme is die lewens- en wêreldbeskouing wat die ganse lewe en wêreld opeis onder die Koningskap van Christus.

In ons land moet ons hier onder andere dink aan die plek en rol van die *owerheid, die politiek, die onderwys, die ekonomie, werksetiek, kuns* en noem maar op. Niks is uitgesluit nie. Ons moet ons nie laat meesleur deur die gees van die tyd nie, maar laat lei deur die Gees van die tyd.

Op al hierdie terreine is die uitdagings geweldig, eintlik bomenslik. Maar hoe kan ons terugdeins as ons geroep word deur die lewende en almagtige God, wat in Christus reeds oorwin het en ons slegs as nietige instrumente gebruik en toerus op pad na die volkomenheid van sy ryk? Soos 150 jaar gelede, met die oprigting van die TSP en PU vir CHO, moet ons die dag van kleine dinge nie verag nie. Deur Christus is ons tot alles in staat. CFCC

LICORNA BEACH
UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS
Luukse seefront - vakansiewoonstelle, slegs 20km noord van Durban.
Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.
SENIOR BURGERS - geen trappe van woonstel na strand.
Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974
LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544
UMHLANGA ROCKS 4320
E-pos: licorna@intekom.co.za
http://licorna.co.za

Prof. Hennie Goede (Teologiese Skool Potchefstroom)

Ou of nuwe dinge?

Nee, lei eerder in Christus 'n nuwe lewe!

Ou of nuwe dinge?

Ons beleef vandag die eeu-oue stryd oor ou of nuwe dinge. Sommige gelowiges wil die ou dinge behou, want as iets oud is, dan moet dit mos beter wees as die nuwe. Ander gelowiges wil weer net nuwe dinge invoer, want as iets nuut is, moet dit mos beter wees as die oue. Dus: Vashou aan die oue, of oorgee aan die nuwe?

Hierdie vraag is die brandpunt van Jesus Christus se gesprek met die mense om Hom in Lukas 5:33-39. Die mense vra ons Here uit oor die tradisie van vas, en dan praat Jesus met hulle oor ou en nuwe dinge. Maar Jesus verwys nie net na ou en nuwe dinge in terme van tyd nie, Hy verwys ook daarna in terme van kwaliteit. Die bedeling wat met sy koms aangebreek het, en beslissend met sy verlossingswerk deurgebreek het, bring vernuwing soos dit deur God beskik is en deur sy Gees voortdurend gewerk word totdat Christus weer kom. Daarom Jesus se woorde in vers 38: *"Nee, nuwe wyn moet in nuwe velsakke gegooi word."*

Dit geld vir elkeen van ons persoonlik, maar ook vir ons gemeentes, as kerk van die Here: ek is deur die Gees vernuwe, en daarom moet ons ook nuut dink en leef, want ons leef in Christus se bedeling van vernuwing!

Hoekom praat Jesus oor ou en nuwe dinge?

Ons teksgedeelte vorm deel van 'n groter geheel van Lukas 5:1 – 6:12. Telkens word gebeure en gesprekke afgewissel, en die gebeure vorm die agtergrond tot die gesprekke tussen Jesus, sy dissipels, die Joodse leiers en die mense.

'n Deurlopende lyn in hierdie deel is dat die Joodse leiers keer op keer Jesus se gesag en sy bediening bevraagteken, want dit pas nie in die orde van dinge soos hulle dit verstaan het nie: die genesing van die melaatse man (5:12-16); Jesus wat vir die verlamde man (5:17-26) sê dat sy sondes vergewe is; Jesus se dissipels wat op die Sabbatdag are pluk om te eet (6:1-5); Jesus wat die man met die gebreklike hand genees; Jesus wat die tollenaar Levi roep om Hom te volg, iemand wat deur die Jode gehaat is; Jesus wat op Levi se uitnodiging saam met "'n groot aantal tollenaars en ander mense" eet. "Sondaars" verwys hier na enigeen wat nie die reëls en gebruike van die Fariseërs getrou nagekom het nie, en dus volgens hulle nie waardig was om voor God te verskyn nie.

God maak in Christus alles nuut

Vir die Jode was hulle ou tradisies en gebruike en reëls baie belangrik. Hier is die gebruike rondom die vas in die kollig, maar die Jode het meer verwag as wat selfs die wet van Moses voorgeskryf het!

Ons Here antwoord sy aanklaers met drie uitsprake. In die Ou Testament word die volk Israel voorgestel as die bruid van God wat ontrou geword het, maar dan kom die Messias, die Gesalfde van God, en hierdie tyd word voorgestel as 'n huweliksfees omdat bruid en bruidegom weer herenig word. Jesus is die Bruidegom, die Messias, wat die tyd van verlossing

laat aanbreek en God met sy volk herenig. Hy laat die nuwe bedeling van vrede tussen God en mens deurbreek!

Hierdie tyd van verlossing bring nuwe dinge, en daarop fokus Jesus met twee kort gelykenisse wat verduidelik hoekom sy dissipels nie die reëls en gebruike van die Fariseërs slaafs navolg nie. Let op: Jesus sê nie dis verkeerd om te vas of om ander gebruike en tradisies te eerbiedig nie. Hy sê wel dat die verlossing wat Hy bewerk gelowiges moet dwing tot nuwe lewens en nuwe denke, en hierdie nuwe lewe pas nie in die ou dinge, maniere, reëls, wette, gebruike, tradisies van die Joodse leiers en hulle volgelinge nie.

Hierdie nuwe lewe moet op nuwe maniere tot uiting kom. 'n Mens vat tog nie 'n stuk materiaal uit 'n nuwe hemp of rok om 'n ou, geskeurde kledingstuk mee reg te maak nie! Die hegwerk sal nie hou nie, die kleure sal nie pas nie, en die nuwe hemp of rok is dan ook onbruikbaar! Net so gooi mens nie nuwe wyn in ou wynsakke nie. Die mense van daardie tyd het dierevelle gebruik om sakke te maak waarin die wyn gegooi en gebêre is. Met tyd het die sakke oud en hard geword, en hulle buigbaarheid verloor. Nuwe wyn was nog besig om te gis, en het uitgesit as gevolg van die gisproses. En daarom sou nuwe wyn in 'n ou sak die sak laat bars en dan is die sak én die wyn verlore. Daarom sit mens nuwe wyn in nuwe sakke.

Jesus leer ons dat wanneer ons Hom en sy verlossingswerk in ou dinge probeer maak pas, ons uiteindelik albei verloor – ons ou gebruike én die vernuwende krag van sy verlossingswerk! God het ons immers in Hom en deur Hom nuut gemaak sodat ons nuut kan lewe (Kol. 3:10).

Ons moet nuut lewe in die bedeling van Jesus

Die vraag is natuurlik hoe ons hierdie nuwe lewe in Christus moet uitleef. Hierdie vernuwing moet in die uitleef van my geloof duidelik word, maar dit is net moontlik as ek my as nuutgemaakte skepsel deur die Heilige Gees laat lei (Rom. 8:14). Dit is net moontlik wanneer ons ons gedagtes deur God en sy Gees laat vernuwe (Rom. 12:2) – dan kan ons van die oue afsien en die nuwe omhels, en ons geloof nuut uitleef as 'n lig vir die wêreld en sout vir die aarde.

En wat van ons as gemeente? Ou dinge of nuwe dinge, of albei, of dalk uiteindelik niks? Jesus spreek Hom nie uit teen tradisies en gebruike as sodanig nie, Hy sê self dat sy volgelinge sal vas wanneer Hy nie meer daar is nie. Trouens, Hy sê ook dat mens nie die tradisies en gebruike moet nalaat as dit betekenisvol en nuttig is nie (Matt. 23:23). Nee, Jesus het dit teen sulke dinge, ou dinge, wat in die pad staan van die nuwe dinge wat Hy bewerk het; wat struikelblokke word sodat ons as kerke nie meer dit doen wat vir God die swaarste weeg nie: geregtigheid, barmhartigheid, betroubaarheid (Matt. 23:23).

Hierdie dinge kom tot uiting in ons gehoorsaamheid aan die groot gebod en die groot opdrag wat ons Here Jesus as opdrag aan ons as sy kerk gegee het. Mag ons saam hierin getrou wees eerder as om bloot te fokus op ou en nuwe dinge! DK

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)

Gepas en ordelik (1)

Die Dordtse Sinode 1618/19 en die Kerkorde

Heel agter in die Psalmboek van die Gereformeerde Kerke is 'n klein boekie opgeneem. Heelwat lidmate blaai nie tot daar in die Psalmboek nie. Daar is ook heelwat wat wel weet van dié boekie agter in die Psalmboek. Dit gaan oor die Kerkorde. Dié wat met die Kerkorde werk, soos ouderlinge en predikante, ken dit waarskynlik. Lidmate tot 'n mindere mate. Dit is jammer, want die Kerkorde wys aan hoe sake in die kerklike lewe tot eer van God gereël moet word.

God van orde

Kerkreg het te doen met God se orde vir sy kerk. Die Kerkorde wys aan hoe sake in die kerklike lewe tot eer van God gereël moet word. Soos wat elke padgebruiker presies moet weet wat die padverkeerreëls is, behoort elke lidmaat in die kerk presies te weet hoe hulle hul ooreenkomstig die Kerkorde behoort te gedra. In die huis van God geld die orde van God.

Dit is soos Paulus vir die Korintiërs skrywe: *"Laat alles gepas en ordelik verloop"* (1 Kor. 14:40 – BDV). Hy waarsku die gemeente van Korinte in dieselfde asem: *"Is die woord van God van julle afkomstig? Of het dit julle alleen bereik?"* (1 Kor. 14:36). Met ander woorde: Dink julle dat julle volgens eie insigte kan besluit hoe sake in Christus se kerk gereël en gedoen behoort te word? Elders sê hy: *"As iemand egter twisgierig wil wees, ons het nie so 'n gewoonte nie, en die ander gemeentes van God ook nie"* (1 Kor. 11:16).

Die apostel se opdrag aan die kerk van Christus is duidelik: *"Want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede. So hoort dit in al die gemeentes van die heiliges"* (1 Kor. 14:33).

Vir almal bedoel

Die Kerkorde is geen dokument wat net vir die oë van die regeerders, die ouderlinge en predikante in die kerk bedoel is nie. Elke gelowige behoort in die amp van gelowige ten volle op hoogte te wees van God se orde vir sy kerk. Dit was reeds duidelik vir die kerke van die Reformasie.

Die storie agter die storie

Bo die Kerkorde agter in die Psalmboek is 'n klein stukkie geskiedenis geskrywe: *Die Sinode van Reddersburg het die Dordtse Kerkorde van 1618/1619 vir die kerkregering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aanvaar. Verskillende sinodes het dit ooreenkomstig Artikel 86 gewysig om nou soos volg te lui …*

Die Sinode van Reddersburg was die eerste algemene kerkvergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ná 1859. Dit het in die jaar 1862 plaasgevind. Op daardie stadium was daar slegs 'n klein getal Gereformeerde Kerke wat oor die hele Suid-Afrika versprei was.

Gereformeerde Kerke vanuit die destydse Kaapkolonie, Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek het afgevaardigdes na die Sinode in Reddersburg gestuur.

Dag 1

Een van die heel eerste besluite wat die Sinode geneem het, raak die orde waarvolgens die opnuut gestigte Gereformeerde Kerke ingerig moet word. In die destydse Hervormde Kerk en Nederduits Gereformeerde Kerke, wat die twee groot kerke in die ZAR, OVS en Kaapkolonie was, het die Kerkorde van De Mist en 'n vervorming daarvan gegeld. Dit was 'n Kerkorde waarvolgens plaaslike kerke as onderafdelings van een groot kerkliggaam gesien is. Die kerk is as 'n vereniging ingerig en bestuur (kollegialisme).

Dit het tot gevolg gehad dat die burgerlike owerhede heelwat inspraak in die kerklike lewe gehad het. Bo en behalwe die feit dat ons Gereformeerde voorouers hulle heftig teen die dwaalleer in die kerke (met name in die gesange) verset het, het hulle hul ook teen hierdie vorm van kerkregering verset.

Op Donderdag 20 Maart 1862, dit is die eerste dag van die Sinode, begin die gesprek oor die regering van die kerk. Ons lees in Artikel 14 van die Acta: *"Werd eene discussie geopend, over eene algemeene Kerke-orde voor onze Kerk en nadat ieder vrijelijk had gesproken, weder door den Voorzitter voorgelezen, de Kerke-Orde van Dordrecht, anno 1618 en 1619, alsmede het Voorberigt van het Kerkelijk handboekje en – reeds laat geworden zijnde, is de vergadering tot morgen-middag 2 ure, verdaagd geworden."*

Dag 2

Op die volgende dag, Vrydag 21 Maart 1862, is die gesprek oor die Kerkorde hervat. Daar word besluit *"Dat de Dordtsche Kerk-orde, van 1618 en 1619, door deze Sijnode, wordt aangenomen, als algemeene Kerke-orde, voor de Gereformeerde Gemeenten, in die drie landen, Zuid-Afrikaansch Republiek, Oranje-Vrijstaat en Kaapkolonie, om naar dezelve te handelen in de Kerkregering, voor zoover dezelve in deze onderscheidene landen, naar die gelegenheid der Gemeente, kan worden toegepast"* (Acta 1862, Art. 19).

Met hierdie besluit word daar kerkregtelik 'n grondslag vir die GKSA gelê wat fundamenteel anders is as dié van die destyds bestaande NG en NH Kerke.

Die vraag is: Wat maak die Dordtse Kerkorde so wesenlik anders? Daarvoor moet ons verder teruggaan in die geskiedenis, na 1619. Daaroor gaan dit in 'n volgende artikel. DK

Die bekende skildery van die Dordtse Sinode deur Pouwels Weytz 1621

Ds. GP Meijer (Gerben) (Vryburg)

Dordt in kort

Die aanloop tot die Sinode van Dordrecht 1618/19

Kerkstryd in oorlogstyd

Vir 80 jaar het daar 'n hewige oorlog tussen die Republiek van die Nederlande en die Spaanse Ryk gewoed. In die middel van hierdie tyd het die konflik in die gereformeerde wêreld 'n hoogtepunt bereik. Die kerkstryd was só erg dat die Nederlandse State bang was dat dit burgeroorlog sou veroorsaak. Uiteindelik het die State toestemming gegee dat daar aan die einde van 1618 'n sinode gehou mag word.

Met die aanloop na die sinode het vier persone belangrike rolle gespeel: twee kerklike professore (Gomarus en Arminius) en twee staatkundige leiers (Prins Maurits van Oranje en Johan van Oldenbarnevelt).

Gomarus en Arminius

Gomarus en Arminius was professore by die universiteit in Leiden. In dié tyd was dit gebruiklik om disputasies oor aktuele onderwerpe te hou. 'n Disputasie is 'n wetenskaplike gesprek oor 'n spesifieke tema. In 1604 het die professore by twee geleenthede hulle standpunte oor die uitverkiesingsleer bekendgemaak. Hulle standpunte is uiteenlopend. Die hoofpunte is kortliks in die onderstaande tabel sigbaar:

Arminius	Gomarus
• Geen dubbele predestinasie	• Dubbele predestinasie
• Predestinasie is verkiesing	• Predestinasie is verkiesing + verwerping
• Verkiesing – voorwaardelik	• Verkiesing – onvoorwaardelik
• Vrye wil	• Geen vrye wil
• God se genade en menslike wil werk saam	• God se genade herskep die wil van die mens

Arminius se teologie was in wese 'n reaksie-teologie. Hy het hom verset teen die teologie en standpunte van Calvyn en Beza. Vandaar het hy 'n eie rigting ingeslaan. Vir hom het die mens se geloof 'n belangrike rol by die verkiesing gespeel. Ook was hy van mening dat Christus vir alle mense gesterf het en dat om dié rede daar ruimte is vir die vrye wil van die mens. Dit is die mens se keuse of jy die genade van God aanvaar of nie. Dit was volgens Gomarus in stryd met die Woord en met die gereformeerde leer. Tussen dié twee het daar 'n groot kloof ontstaan.

Franciskus Gomarus (1563 – 1641)

Jacobus Arminius (1560 – 1609)

Verhouding kerk en staat

Die konflik in Leiden het soos ’n veldbrand deur die land getrek. Daar was sommige mense wat die standpunte van Arminius ondersteun het, en daar was ander wat rotsvas agter Gomarus gestaan het.

Vir die State was dit ’n groot punt van bekommernis, want die kerklike geskille het veroorsaak dat die onderlinge eenheid in gedrang kom. Daarom het hulle alles in hulle mag gedoen om die geskil tussen die professore op te los, maar hulle het nie geslaag nie. Hulle het die professore vermaan om vrede te maak, maar daar het nooit vrede tussen hulle gekom nie. Op 19 Oktober 1609 het Arminius na ’n kort siekbed gesterf.

Die land was verdeeld. Die owerheid het Arminius ondersteun. Uiteindelik het hy daarvoor gepleit dat die kerk tolerant moet wees en dat sy leerstellings sowel as dié van Gomarus in die kerk aanvaar word. Vir die State sou dit ideaal wees, want dan sou almal rustig hulle eie standpunte kon ondersteun en nog steeds een kerk wees. Sodoende sou die kerkgeskille geen gevaar vir die volkseenheid inhou nie.

Hiervoor was Gomarus nie te vinde nie. Daar is nie twee waarhede nie. Die kerk kan nie dwaalleer tolereer nie. Daar is net een waarheid en daarby moet gehou word.

Die Remonstransie en die Contra-Remonstransie (1610-1611)

Die volgende jaar het ’n aantal Arminiaanse predikante op ’n geheime plek bymekaar gekom en eensgesind die Remonstransie opgestel. Tydens die vergadering het 44 persone die stuk onderteken. Die vyf Remonstrantse artikels wat inhoudelik in die Dordtse Leerreëls bestry word, is in hierdie dokument geformuleer.

Die Remonstransie het die volgers van Gomarus nie geval nie. In 1611 het hulle in die vorm van die Contra-Remonstransie antwoord gegee. In die dokument het hulle onder andere op die standpunte van die Remonstrante gereageer.


Geessel
Om uyt te dryven den
ARMINIAENSCHEN
Quel-Geest.
Wy een ghevvacht om te bedwinghen de
vermetene curieuspept van eenen onbekenden Vyagher/ vloopende de de Predestinatie ende salicheyt der vitvercoorne kinderen/ in een Boecken dat hy den Quel-Geest ghenitituleert heeft.
Tot waerschouwinge ende onderrechtinge van alle ware Gereformeerde Christenen.
Actor. 1. v. 7.
Het en behoort u niet te weten de tyden ende stonden, die de Vader in zijn eyghen macht gheltelt heeft.
Rom. 9. vers. 6. 7.
Zy en zijn niet alle Israël, die uyt den Vader Israël zijn, noch ook alle Abrahams kinderen, om dat sy Abrahams saet zijn.
DOOR
IACOBUM TRIGLANDIUM, Bedienaer des heyligen Euangelij inde Gemeynte Christi tot AMSTELREDAM.
Tweede Editie.
t'Amstelredam, Voor Marten Jansz. Brant, Boeckverkooper/ woonende inde Gereformeerde Catechismus/ 1618.

Die pamflette-stryd

In die jare wat volg, het die stryd net heftiger geword. Remonstrant en Contra-Remonstrant het hulle gedagtes skriftelik aan die publiek deurgegee, veral deur pamflette. Dit was die tydskrifte van daardie tyd. Dit was kort boekies waardeur hulle baie mense kon bereik. Die pamflette kan ons sien as wapens wat gebruik is in ’n stryd tussen twee vyandige partye. Deurlopend het die pamflette gewemel van verdagmakery, persoonlike laster, halwe waarhede en sarkastiese en siniese opmerkings oor die teenstander.

So skryf ds. Jacobus Trigland (Contra-Remonstrant) uit Amsterdam ’n pamflet met die naam “Geessel om uyt te dryven den Arminiaanschen quel-geest”. Hy het die stryd met polemiese woordeskat aangegaan. Sy pamflet het die vorm van ’n gesel aangeneem. Die doel van die gesel was om die kwelgees van die tyd die grond in te dryf en tot stilswye te dwing. Dit was die manier waarop die Remonstrante en Contra-Remonstrante op mekaar gereageer het – ’n papieroorlog waardeur daar meer afgebreek as opgebou is. ’n Sinode was nodig om die sake op te klaar. Maar voordat die kerk ’n nasionale sinode kon hou, moes die State toestemming gee.

Prins Maurits van Oranje en Johan van Oldenbarnevelt

In 1584 is Willem van Oranje deur ’n sluipmoordenaar vermoor. Die funksie van stadshouer is toe aan die 16-jarige prins Maurits oorgedra.

Johan van Oldenbarnevelt het die mentor van die jong prins geword. Van Oldenbarnevelt was die landsadvokaat. Hy het baie mag en invloed gehad en hy het bekendgestaan vir sy kennis van

sake. Tot ’n groot mate het hy namens prins Maurits as politieke leier opgetree. Prins Maurits was bowendien meer in militêre sake geïnteresseerd.

Die samewerking tussen Van Oldenbarnevelt en prins Maurits was aanvanklik goed. Hulle het mekaar goed aangevul. Prins Maurits was versigtig en geduldig, elke stap het hy sorgvuldig beplan, terwyl Van Oldenbarnevelt meer strategies was en ’n paar stappe vooruit gedink het, en sodoende meer risiko’s geneem het. Onder die politieke leiding van Van Oldenbarnevelt en die militêre leiding van prins Maurits het die Republiek van die Nederlande stand gehou in ’n moeilike tyd van oorlog.

In 1609 het daar onenigheid tussen die twee ontstaan. Van Oldenbarnevelt het ’n wapenstilstand met die Spanjaarde afgespreek. Hiervoor was prins Maurits nie te vinde nie. Hulle het ook kerklik verskil. Van Oldenbarnevelt was ’n aanhanger van die Remonstrante. Hy was van mening dat die staat gesag oor die kerk gehad het en dat die staat kon bepaal dat daar in die kerk meerdere strominge moes wees. Hy het ook verhoed dat daar ’n sinode gehou word. Maurits het agter die Calvinistiese gedagte van ’n eenheidskerk gestaan.

Op 29 Augustus 1618 laat prins Maurits vir Van Oldenbarnevelt arresteer op klag van hoogverraad. Hy het hom as ’n landsverraaier beskou. ’n Paar dae nadat die sinode afgesluit het, is hy veroordeel. Op 13 Mei 1619 het die beul op die binnehof in Den Haag vir Van Oldenbarnevelt op 71-jarige ouderdom onthoof. Tot die publiek het hy sy laaste beroemde woorde gespreek: *“Mannen, gelooft niet dat ik een landverrader ben, ik heb oprecht en vroom gehandeld, als een goede patriot, en zo zal ik sterven.”* Sy allerlaaste woorde: *“Maak het kort, maak het kort.”*

Die Sinode van Dordrecht 1618/1619

Op 4 Oktober 1617 het die State-Generaal met ’n meerderheid van stemme besluit om ’n nasionale sinode te hou. Uiteindelik het die tyd aangebreek dat die kerke bymekaar kon kom. Die twee partye het mekaar nog al die tyd broeders genoem, maar in wese was hulle vyande van mekaar. Die stryd tussen ’n tolerante kerk en ’n belydende kerk bereik ’n klimaks.

Op 13 November 1618 het die Sinode begin met afgevaardigdes vanuit al die provinsies asook broeders vanuit Gereformeerde kerke uit ander lande. Die tyd het aangebreek dat die waarheid bely word. DK

Prins Maurits van Oranje (1567 – 1625)

Johan van Oldenbarnevelt (1547 – 1619)